

**‘n Optimale nitraat (  $\text{NO}_3^-$  ) konsentrasie reeks om  
stikstoftoedieningshoeveelhede op aartappels  
(*Solanum tuberosum L.*) te voorspel**

**deur**

**David Fouché**

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir  
die graad  
MSc (Agric) Agronomie  
Aan die Fakulteit van Natuur- en Landbouwetenskappe  
Universiteit van Pretoria

**Studieleier: Dr. J.M. Steyn**

**Januarie 2008**

# INHOUDSOPGAWE

Lys van Tabelle	iii
Lys van Figure	iv
Afkortings	vi
Uittreksel	vii
Abstract	ix
<b>INLEIDING</b>	<b>1</b>
1. Stikstof onderbemesting	2
2. Oormaat stikstof bemesting	3
3. Voldoende stikstof	5
<b>HOOFSTUK 1: Stikstofskeduleringsbestuur</b>	<b>9</b>
1. Literatuur oorsig	9
2. Agtergrond van vorige proewe	12
3. Optimale NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie (OPTI-reeks)	13
<b>HOOFSTUK 2: Material en Metodes</b>	<b>16</b>
2.1 Kalibrasie proewe	16
2.2 Praktiese evaluasie	17
<b>HOOFSTUK 3: Resultate en Bespreking</b>	<b>25</b>
3.1 Bronkhorstspruit-perseel	25
3.1.1 Eerste NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R1)	25
3.1.2 Tweede NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R2)	28
3.1.3 Derde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R3)	28
3.1.4 Vierde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R4)	29
3.1.5 Vyfde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R5)	30
3.1.6 NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> konsentrasie oor tyd	31
3.1.7 Totale stikstoftoediening	33
3.1.8 Stikstof-ontleding in die grond	35
3.1.9 Knolopbrengs	36
3.1.10 Sekondêre knolafwykings	38
3.1.11 Soortlike gewig	38
3.1.12 Skyfiekleur	39
3.2 Delmas-perseel	40
3.2.1 Eerste NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R1)	40
3.2.2 Tweede NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R2)	41
3.2.3 Derde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R3)	43

	3.2.4	Vierde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R4)	44
	3.2.5	Vyfde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing (R5)	
44			
	3.2.6	NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie oor tyd	45
	3.2.7	Totale stikstoftoediening (kg/ha)	47
	3.2.8	Stikstof-ontleding in die grond	48
	3.2.9	Knolopbrengs	49
		<b>HOOFSUK 4: Gevolgtrekking en Opsomming</b>	<b>51</b>
	4.1	Opsomming	51
	4.2	Gevolgtrekking	52
		<b>LITERATUUR VERWYSINGS</b>	<b>55</b>
		<b>AANHANGSEL A</b>	<b>63</b>
	A.1	Bronkhorstspruit	63
	A.1.1	Eerste NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	63
	A.1.2	Tweede NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	64
	A.1.3	Derde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	65
	A.1.4	Vierde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	66
	A.1.5	Vyfde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	67
	A.1.6	NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie oor tyd	68
	A.1.7	Totale stikstoftoediening	71
	A.1.8	Eerste Stikstof bo-bemesting	72
	A.1.9	Tweede Stikstof bo-bemesting	73
	A.1.10	Derde Stikstof bo-bemesting	74
	A.1.11	Vierde Stikstof bo-bemesting	75
	A.1.12	Klein groottes	76
	A.1.13	Medium groottes	77
	A.1.14	Groot groottes	78
	A.1.15	Knolopbrengs	79
	A.1.16	Sekondêre knolafwykings	80
	A.1.17	Soortlike gewig (SG)	81
	A.1.18	Skyfiekleur (Huner L kleur)	82
	A.2	Delmas	83
	A.2.1	Eerste NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	
83	A.2.2	Tweede NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	
84			
	A.2.3	Derde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	85
	A.2.4	Vierde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	86
	A.2.5	Vyfde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-lesing	
87			
	A.2.6	NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie oor tyd	88

## LYS VAN TABELLE

**TABEL 2.1:** Grondontledings van elke herhaling van die Bronkhorstspruit-perseel. 21

**TABEL 2.2:** Grondontledings van elke herhaling van die Delmasperseel. 22

**TABEL 3.1:**  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies ( $\text{mg L}^{-1}$ ) in aartappelpetiole oor tyd (R1 tot R5) van elke behandeling vir die Bronkhorstspruit lokaliteit. Die verskillende Optimale  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie (OPTI-reeks) word onder aan die tabel getoon. 27

**TABEL 3.2:**  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies ( $\text{mg L}^{-1}$ ) in aartappelpetiole oor tyd (R1 tot R5) van elke behandeling vir die Delmas lokaliteit. Die verskillende Optimale  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie (OPTI-reeks) word onder aan die tabel getoon. 42

## LYS VAN FIGURE

**FIGUUR 1:** Onderontwikkeling van 'n aartappelplant wat  $90 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof ontvang het. Die aartappelplant toon geen duidelike stikstof tekorte nie en blare was 'n gesonde diep donkergroen. Knolgroei was egter vertraag en die knolgrootte is benadeel. 3

**FIGUUR 2:** Aartappelplant ontwikkeling wat  $500 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof ontvang het. 'n Baie mooi en gesonde loofgroei was duidelik te sien, maar knolinisiasie was egter vertraag en knolgrootte verspreiding was baie oneweredig. 4

**FIGUUR 3:** Aartappelplant ontwikkeling wat  $300 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof ontvang het. Die vegetatiewe groei van die plant was in balans met die knolinisiasie en groei. Die opbrengs van die plant was maksimaal met hierdie stikstofpraktyk. 6

**FIGUUR 1.1:** Opimale  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasiereeks (OPTI-reeks) wat bepaal is deur die Omnia kalibrasieproewe vir die kultivar Up-to-date. Sien teks vir beskrywing van die O100 en O95. 15

**FIGUUR 3.1:** Gemiddelde nitraatkonsentrasie oor tyd vir die Bronkhorstspruit-perseel. Die OPTI-reeks word as die O100 en O95 lyne getoon. Die 100%, 80% en 60% lyne, is die gemiddelde  $\text{NO}_3^-$ -waardes ( $\text{mg L}^{-1}$ ) per behandeling oor tyd. 33

**FIGUUR 3.2:** Gemiddelde stikstofkonsentrasie in die grond ( $\text{kg ha}^{-1} \text{ N}$ ) van die Bronkhorstspruit-perseel. Grondmonsters was geneem nadat die plantermengsel reeds toegedien was 35

**FIGUUR 3.3:** Knolopbrengs ( $\text{t ha}^{-1}$ ) van die verskillende behandelings. Elke behandeling se totale opbrengs is opgedeel in die verskillende grootte klasse wat voorgekom het. 37

**FIGUUR 3.4:** Effek van stikstofbehandelings op aartappelverwerkingskwaliteit: Soortelike gewig (SG) en Skyfiekleur (Hunter L Kleur). 40

**FIGUUR 3.5:** Nitraat konsentrasie oor tyd vir die Delmas-perseel. Die OPTI-reeks was vir die O100 en O95 lyne. Die 100%, 80% en 60% lyne was die gemiddelde waardes per behandeling. 46

**FIGUUR 3.6:** Gemiddelde stikstofkonsentrasie in die grond ( $\text{kg ha}^{-1} \text{N}$ ) van die Delmas-perseel. Grondmonsters was geneem nadat die plantermengsel reeds toegedien was. 48

## AFKORTINGS

<b>OPTI-reeks-</b>	-	Optimale NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -konsentrasie-reeks
<b>O95</b>	-	Onderste limiet op die OPTI-reeks. 95% opbrengslyn
<b>O100</b>	-	Boonste limiet op die OPTI-reeks. 100% opbrengslyn
<b>100%</b>	-	100% van beplande stikstofpeil
<b>80%</b>	-	80% van beplande stikstofpeil
<b>60%</b>	-	60% van beplande stikstofpeil
<b>N-bemesting</b>	-	Stikstofbemesting
<b>NO<sub>3</sub><sup>-</sup> - N</b>	-	Nitraat stikstof
<b>NH<sub>4</sub><sup>+</sup> - N</b>	-	Ammonium stikstof
<b>SG</b>	-	Soortlike gewig van aartappelknolle
<b>HL</b>	-	Hunter L Kleur vir aartappelskyfiekleur-evaluasie
<b>N1</b>	-	Eerste stikstof bo-bemesting
<b>N2</b>	-	Tweede stikstof bo-bemesting
<b>N3</b>	-	Derde stikstof bo-bemesting
<b>N4</b>	-	Vierde stikstof bo-bemesting
<b>R1</b>	-	Eerste NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> konsentrasie-lesing
<b>R2</b>	-	Tweede NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> konsentrasie-lesing
<b>R3</b>	-	Derde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> konsentrasie-lesing
<b>R4</b>	-	Vierde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> konsentrasie-lesing
<b>R5</b>	-	Vyfde NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> konsentrasie-lesing

## Uittreksel

Die vraag ontstaan of insette by aartappelproduksie deurentyds ekonomies optimaal gebruik word. Hierdie vraag word al hoe meer deur produsente gevra, veral waar die prysknyptang al hoe sterker gevoel word. Uit 'n opbrengs oogpunt was stikstof nog altyd 'n baie belangrike inset. Verliese aan opbrengste kan egter baie groot wees as stikstof ondoelmatig bespaar word.

Om optimum stikstoftoedienings te kwantifiseer bly problematies. Die stikstofinhoud van die grond kan gemeet word, maar in hierdie studie is bewys dat die inligting uit hierdie ontledings dikwels misleidend en kan sinvolle aanbevelings nie altyd daarvolgens gemaak word nie. Aan die ander kant, kan die aartappelplant as indikator gebruik word. Die afgelope dertig jaar was baie aandag aan petioolsapekstraksie reg oor die wêreld gegee. Meeste navorsers versap die petiool en gebruik duur laboratorium toerusting om die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie te bepaal en maak dan daaruit afleidings. Met hedendaagse tegnologiese ontwikkelings, het vinniger ontledingstegnieke beskikbaar geword. Die Reflectoquant (Merck) is 'n draagbare instrument wat gebruik word om die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie in die aartappelpetioolsap direk te meet. Met kalibrasieproewe wat deur Omnia gedoen was, is 'n optimale  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie



reeks (OPTI-reeks) opgestel waarmee stikstof bo-bemestings geskeduleer kon word.

Die bepaalde OPTI-reeks is oor twee persele getoets. Die twee persele het verskil in grond tekstuur en ligging. Die Delmas perseel het 'n hoër klei-inhoud gehad as die Bronkhorstspruit perseel. By die Bronkhorstspruit perseel het verskille tussen die behandelings gouer na vore gekom. Die persele wat laer vlakke van stikstof bemes was, en eerste stikstof bemes is het die laagste  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesings gehad. By die Delmas perseel het hierdie tendens nie herhaal nie. In van die lesingtye het die laer stikstofbemestingsbehandelings hoër ontledings gehad.

$\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesings, soos vermeld is in die meeste literatuur, het afgeneem oor tyd en gedui op 'n verdunnings-effek van  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie in die aartappelplant. Die verdunnings-effek kan toegeskryf word aan die fisiese verdunning van  $\text{NO}_3^-$  oor 'n groter wordende plante, knolle en die gebruik van die  $\text{NO}_3^-$  in plantmetaboliese aktiwiteite. Opbrengste en bakkwaliteit van die onderskeie behandelings, was nie verlaag deur die OPTI-reeks te gebruik nie.

As in ag geneem word dat ten minste,  $45 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof bespaar kon word deur gebruik te maak van die OPTI-reeks, is die metode 'n baie kragtige ontledingstegniek om stikstof doelmatig te skeduleer. Stikstof sal nie die beperkende faktor in produksie wees, indien hierdie tegniek te gebruik word nie.

## **Abstract**

The question arises whether inputs are used optimally in an economical way for potato production. This is something that is asked more and more by producers. Nitrogen plays a dominating role in determining yield. Yield losses will be considerable if nitrogen is saved in an unnecessary way.

To quantify optimum nitrogen applications can be difficult. Determining the nitrogen content of the soil can be one option, but as was shown in this thesis, this method can lead to incorrect nitrogen applications. The potato plant itself can be used as an indicator for nitrogen applications. For the past thirty years, a lot of emphasis has been placed on petiole sap analyses. Petioles were liquified and then expensive laboratory equipment were used to determine the  $\text{NO}_3^-$ -concentration, whereafter the recommendations for nitrogen application were made. Analyses are

made easier today with modern technological methods and equipment. Direct measurement of the  $\text{NO}_3^-$ -concentrations in the potato petiole are possible by using the Reflectoquant (of Merck). Omnia Fertilizers conducted many experiments to determine an optimal  $\text{NO}_3^-$ -concentration range (OPTI-range) to schedule nitrogen applications.

In this study the OPTI-range was tested at two sites. The two sites differed in soil texture and district. The Delmas site has a higher clay percentage than the Bronkhorstpruit site. Quicker reactions on the treatments were found at the Bronkhorstpruit site. The plots that received lower nitrogen treatments, were fertilized first and had the lowest  $\text{NO}_3^-$ -concentrations in the sap. This tendency was not replicated at the Delmas site. The lower nitrogen treatment plots sometimes had higher  $\text{NO}_3^-$ -concentrations than the higher nitrogen treatments.

$\text{NO}_3^-$ -concentration readings, as mentioned in most literature, declined over time and is explained by the diluting effect of nitrates in the plant. Not only is there an increase in the potato plants above ground growth, but tuber growth also constitute a big proportion of the biomass at the end of the growth period. Nitrogen is used in all these processes, which contribute to the diluting effect. Yield and tuber quality were not

lowered by applying the OPTI-range. The OPTI-range is a good method to manage nitrogen requirements of the potato plant.

At least  $45 \text{ kg ha}^{-1}$  nitrogen could be saved by using the OPTI-range.


Therefore this is a powerful method to determine nitrogen scheduling.

Nitrogen will not be the limiting factor in potato fertilization if the OPTI-range is used.

# Inleiding

Uit 'n bemestings-oogpunt gesien, is die grootste inset koste-komponent in die aartappelbedryf die van stikstofbemesting. Stikstofbemesting het 'n groot finansiële implikasie vir die aartappelboer. Die toediening van stikstof moet so effektief moontlik bestuur word, veral as daarna gekyk word uit 'n produksie-oogpunt. Vir maksimale aartappelopbrengs is dit noodsaaklik om stikstof so optimaal as moontlik te gebruik (Mikkelsen, 2006). Die oogmerk is om 'n maksimum blaaroppervlakte in so kort as moontlike tyd te vestig. 'n Blaaroppervlak-indeks van tussen 2.5 en 3 word as die norm gestel (Struik, Vreugdenhil, Haverkort, Bus & Dankert, 1991). Die blaaroppervlakte moet binne 55 tot 60 dae na opkoms gevestig word, sodat die aartappelplant die maksimum aantal geïnisieerde knolle kan grootmaak (Kolbe & Stephan-Beckmann, 1997a; Kolbe & Stephan-Beckman, 1997b; Vos, 1999). Die strewe is om maksimum straling te onderskep, omdat die gevolglike opbrengs direk gekorrelleerd is met die onderskepte straling (Kleinkopf, Westermann & Dwelle, 1981; Millard & Marshall, 1986). Vervolgens word drie algemene tendense by stikstofbemestingspraktyke bespreek, naamlik: 1.) Stikstof onderbemesting, 2.) Oormaat stikstofbemesting en 3.) Voldoende stikstofbemesting.

1.) **Stikstof onderbemesting:** Die onoordeelkundige besparing van hierdie duur kommoditeit kan die boer aan die einde van die dag tog duur te staan kom. Indien stikstoftoediening gesny word, neem die aartappelplant langer om 'n groot genoeg blaaroppervlakte te produseer. In Figuur 1 word die effek van onderbemesting van stikstof geïllustreer. Slegs sowat 90 kg ha<sup>-1</sup> stikstof was aan die plant toegedien, wat baie laag was vir aartappels onder besproeiing (Venter, 2002). Hierdie plant het sy stikstofreserwes uitgeput, nog voordat die knolle genoegsaam gegroei het (Porter & Sisson, 1991a; Biedmond & Vos, 1992). Die aartappelplant se totale groeiperiode het verkort en teen die tyd dat die plant stikstoftekorte gewys het, was dit te laat om genoegsame regstellings te maak ( Millard & MacKerron, 1986). Regstellings op hierdie stadium het gewoonlik die verkeerde uitwerking, omdat aartappelplante te welig groei. Sodoende ly die opbrengs daaronder. Die aartappelplant het vegetatief baie klein ontwikkel en baie min knolle was geïnisieer. Die aartappelplant probeer deurentyd nog inisiasies maak, maar die stolons sterf af nog voor die knolle geïnisieer word. Die knolle wat aanvanklik geïnisieer is, word gewoonlik nie groter as wat in Figuur 1 getoon word nie.



**FIGUUR 1:** Onderontwikkeling van 'n aartappelplant wat  $90 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof ontvang het. Die aartappelplant toon geen duidelike stikstof tekorte nie en blare was 'n gesonde diep donkergroen. Knolgroei was egter vertraag en die knolgrootte is benadeel.

2.) **Oormaat stikstofbemesting:** 'n Oormaat stikstof het, soos enige tekort, ook 'n baie nadelige effek op die plant. Die aartappelplant vestig wel die gewenste blaaroppervlakte in die vereisde tydperk (Struik *et al*, 1991), maar die plant ontwikkel egter aanhoudend vegetatief, soos getoon word in Figuur 2. In plaas daarvan om maksimum blaaroppervlakte te vestig, stolons te inisieer en om voldoende knolle te ontwikkel, word sekondêre halmontwikkeling gestimuleer. Hierdie sekondêre halms ontwikkel as addisionele blaaroppervlakte, wat die alreeds gevestigde blare oorskadu (Millard & Marshall, 1986). As gevolg van hierdie oorskadu-effek, sterf die

primêre blaaroppervlakte af. Onnodige blaredak ontwikkeling is dus gevorm ten koste van knolgroei (Biedmond & Vos, 1992).



**FIGUUR 2:** Aartappelplant ontwikkeling wat  $500 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof ontvang het. 'n Baie mooi en gesonde loofgroei was duidelik te sien, maar knolinisiasie was egter vertraag en knolgrootte verspreiding was baie oneweredig.

Die blaredak ontwikkel baie welig en stolons verleng vinnig, maar sonder om die gewenste aantal knolle te inisieer. Hierdie verlengde stolons groei eerder na die wal, waarna sekondêre halms bogronds gevorm word (Millard & MacKerron, 1986). Die groeityd van die aartappelplant word verleng ten koste van opbrengs (Porter & Sisson, 1991b). Die aantal stolons wat geïnisieer word, word egter nie benadeel



nie. Wat wel gebeur is dat die knolle se groeiperiode verkort word, omdat die plant alreeds baie tyd en groeikrag vermors het vanweë oormatige loofgroei (Porter & Sisson, 1991b). Die aantal kleiner knolle vermeerder ten koste van groter knolle. Styselsintese word benadeel, wat laer soortlike gewig (SG's) tot gevolg het en reduserende suikervlakke word verhoog (Ipenkwe, Allen & Wurr, 1974).

3.)**Voldoende stikstof:** Die strategie hier is om die aartappelplant so vinnig as moontlik maksimum blaaroppervlakte te laat ontwikkel (Struik *et al*, 1991). Hierdie blaaroppervlakte moet dan onderhou word, sodat die plant voldoende groeikrag het vir die normale plantonderhoud-aksies om sodoende die oes maksimaal groot te maak. Stikstof is 'n kritiese faktor (Struik *et al*, 1991) en speel 'n groot rol om die fotosintetiese aktiewe blaaroppervlakte aan die lewe te hou (Millard & MacKerron, 1986). Die lewensduurte van die blaaroppervlakte het 'n direkte invloed op die opbrengs van die aartappelplant (Kleinkopf *et al*, 1981; Millard & Marshall, 1986).

In Figuur 3 word 'n gesonde, gebalanseerd ontwikkelde aartappelplant getoon en die eweredige knolgrootte-verspreiding is duidelik. Vegetatief het die plant groot en vinnig genoeg ontwikkel om die knolgroei te onderhou (Struik *et al*, 1991). Die aartappelplant het genoeg energie om

die optimale blaredak te ontwikkel en terselfdetyd is genoegsame knolle geïnisieer, wat maksimum opbrengs verseker het (Millard & Marshall, 1986).



**FIGUUR 3:** Aartappelplant ontwikkeling wat  $300 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof ontvang het. Die vegetatiewe groei van die plant was in balans met die knolinisiasie en groei. Die opbrengs van die plant was maksimaal met hierdie stikstofpraktyk.

Dit is duidelik dat 'n maklik bruikbare en verstaanbare ontledingsmetode ontwikkel moet word, om stikstof bo-bemestings by aartappelverbouing te vergemaklik. Tans word langtermyn stikstofproewe se statisties optimale peile as die norm gebruik en dan word daar vir verskillende grondtipes aanpassings gemaak. Hierdie

bemestingsaanslag word in die MVSA se bemestingshandleiding uiteengesit (Venter, 2002). Opbrengsmikpunt word gebruik en daar word aanpassings vir grondtekstuur gemaak. As voorbeeld word daar op sanderige gronde  $50 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof meer bemes as op swaarder gronde. Hiermee word dan geargumenteer dat die swaarder grond 'n beter stikstofleweringsvermoë het en dat stikstof makliker uit sandgronde loog. Die stikstofpeil word opgedeel in prakties hanteerbare hoeveelhede en word grotendeels bepaal deur die grondtekstuur. Sanderige gronde se maksimum hoeveelheid stikstoftoediening tot en met die plant van die aartappel, word beperk tot  $180 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof om logging tot die minimum te beperk. Die oorblywende stikstof word dan opgedeel oor die groeiseisoen. Stark *et al.* (1993) beveel aan dat tussen  $22$  en  $44 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof op 'n twee weeklikse basis toegedien moet word.

Indien die plant as indikator gebruik word, kan stikstof bemesting meer akkuraat geskeduleer word. Dow & Roberts (1982) stel voor dat 'n Optimale  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie reeks (OPTI-reeks) gebruik kan word om die stikstofbehoefte van die aartappelplant te voorspel. Stikstofkalibrasieproewe is vantevore deur Omnia gedoen om die OPTI-reeks vir aartappels te bepaal. In hierdie studie word die

toepasbaarheid van hierdie tegnologie getoets. Die volgende drie doelstellings rondom die OPTI-reeks word gemaak, naamlik.:

- 1.) Aartappelknolopbrengs word nie negatief deur die toepassing van die OPTI-reeks beïnvloed nie.
- 2.) Verwerkingskwaliteit van aartappels word nie deur die OPTI-reeks beïnvloed nie.
- 3.) Die OPTI-reeks kan 'n besparing in stikstof bemesting gee.

# Hoofstuk 1: Stikstofskeduleringsbestuur

## 1.1 Literatuur oorsig

Die meting van grond  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie is al vantevore as 'n metode om stikstoftoedieningshoeveelheid te bepaal, voorgestel. As gevolg van verskillende mineralisasietempo's van grondtipes, wisselende klimaatstoestande en die swak herhaalbaarheid van die grond  $\text{NO}_3^-$ -ontledings, was die ontledingsmetode tot 'n beperkte mate in die praktyk gebruik (Williams & Maier, 1990 ; Meyer & Marcum, 1998). Dus ontstaan die vraag watter hulpmiddels kan gebruik word om te besluit wanneer en hoeveel stikstof moet toegedien word? Stikstoftoedienings is deur die seisoen opgedeel, soos voorgestel deur Stark *et al.* (1993) en Venter (2002) en dit het die standaard praktyk geword. Grondtekstuur en opbrengsmikpunt was die grootste bepaler as dit by toedieningshoeveelheid kom. Errebhi, Rosen, Gupta & Birong (1998) het beperkte sukses behaal met die opdeel van stikstof oor die groeiseisoen, en het voorgestel dat stikstof slegs eenmalig toegedien word. Die toedieningshoeveelheid was gekoppel aan die opbrengsmikpunt. Roberts, Weaver & Phelps (1982) het baie sekondêre knolafwykings op knolle gekry deur stikstoftoedienings oor die

groeiseisoen op te deel, en het gevolglik voorgestel dat stikstof nie opgedeel moet word nie. Vos (1999) het bevind dat die opdeel van stikstof oor die seisoen geen opbrengsvoordeel ingehou het nie, maar wel dat die stikstof verbruikdoeltreffendheid van die aartappelplant verbeter het. Vos (1999) het ook bevind dat alle stikstof tot op 60 dae na plant toegedien moet word. Soos gesien kan word uit die voorafgaande, was die skedulering van stikstoftoediening nog nie duidelik gekwantifiseer nie.

Die aartappelplant het die vermoë om stikstofreserwes in die aartappelblaar op te bou. 'n Stikstofbuffer word geskep, wat later in die groeiseisoen gemobiliseer kan word. Hierdie stikstofreserwe kom in die vorm van proteieneryke strukture voor (Millard & Catt, 1998). Millard & Catt (1988) het bevind dat RUBISCO in oormaat geproduseer word en dan weer afgebreek word, om aan die plant se stikstofbehoefte te voldoen. Dit bevestig die bevindinge van Roberts *et al.* (1982), dat die aartappelplant nie altyd gunstig reageer op stikstoftoediening gedurende die groeiseisoen nie. In die proewe van Roberts *et al.* (1982), was die grondstikstofreserwes gekwantifiseer. Die stikstofontleding was baie laag en het 'n aanduiding gegee dat die aartappelopbrengs gunstig moes reageer op addisionele stikstofbemesting gedurende die seisoen. Min opbrengsvoordele is egter gevind. Die voorsiening van stikstof uit die

sanderige grond was voldoende om die stikstof bo-bemesting se voordeel uit te kanselleer. Die vraag ontstaan dan of die opdeel van stikstof oor die seisoen enigsins 'n voordeel bied?

Daar is dus duidelik 'n behoefte dat die aartappelplant se stikstofbehoefte deeglik gekwantifiseer of omskryf moet word. Soos alreeds genoem, kan grond  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie gemeet word (Williams & Maier, 1990). Daar was wel goeie korrelasies gevind tussen grond  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies en petiool  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies (Struik, *et al.*, 1991; Vitosh & Silva, 1994). Dit dui daarop dat die grond se stikstofleweringsvermoë deur die plant gemonitor kan word. Petiool  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie reageer op toegediende en gemineraliseerde stikstof, soos bewys deur die studies van Doll, Christenson & Wolcott (1971) en Roberts, Cheng & Farrow (1989). In die literatuur het navorsers alreeds gerapporteer dat  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie in petiole met goeie herhaalbaarheid bepaal kon word (Prasad & Spiers, 1984). Deur die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie in petiole te monitor, is 'n goeie maatstaf gevind om stikstoftoedienings mee te skeduleer. Petioolsap is dus 'n handige manier om die werklike stand van stikstof in die plant te monitor. Porter & Sisson (1991a) het gewys dat stikstoftekort, asook 'n oormaat stikstoftoediening deur petioolsap ontledings uitgewys kan word. Zhang, Smeul, Arnold & Gregory (1996) het bewys dat aartappelopbrengs en -kwaliteit bevoordeel is, deur die

stikstof-toedienings met behulp van  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie in petiole, te skeduleer. Zhang *et al.* (1996) het volgens 'n enkele kritiese waarde bepaal of die aartappelplant addisionele stikstofbemesting moet kry al dan nie.

## 1.2 Agtergrond van vorige proewe

In die negentiger jare het Omnia Kunsmis Bpk saam met Simba (Pty) Ltd 'n projek begin, waartydens verskeie kalibrasie proewe uitgelê was om kritiese  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies in aartappel-petiole, te bepaal. Die proewe het verskillende stikstofpeile en kultivars ingesluit. Die stikstofpeile was 0, 100, 200 en 300 kg ha<sup>-1</sup> stikstof en die kultivars was Up-to-date, BP1 en Hertha. Petiool  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies is bepaal oor die groeiseisoen van die aartappels. Die vier-blaar monsternemingsmetode was gebruik. Westermann, Bosma & Kay (1994) het bevind dat die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie in die vierde blaar onder die groeipunt die mees stabiele ontleding gegee het. Oor tyd neem die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie egter af as gevolg van die verdunningseffek in die plant. Uit praktiese ondervinding was die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie twee weke na-opkoms gewoonlik 1200 mg L<sup>-1</sup> en tien weke na opkoms het die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie tipies gedaal tot 100 mg L<sup>-1</sup>. Hierdie  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie afname is ook deur Vitosh & Silva (1994) bewys. Die effek word aan die een kant verduidelik as gevolg van 'n



verduunningseffek, deurdat die opgeneemde stikstof in 'n groeiende plant oor verloop van tyd eers in die vergrootte biomassa versprei, en tweedens word stikstof gemobiliseer na die knolle, soos die knolle ontwikkel en groei. Die eerste 50-60 dae na opkoms is die plant se prioriteit om stikstof in die vegetatiewe groei in te bou en daarna word stikstof na die knolle vervoer, waar die knolgroei ondersteun word en ook om die protein-inhoud in die knol op te bou (Vos, 1999)

Kultivar-verskille kan met groeitipes omskryf word. Korter of bepaalde groeiwysetipes se norme sal wel verskil van langer/onbepaalde groeitipes (Lewis & Love, 1994).


### **1.3 Optimale NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie reeks (OPTI-reeks)**

Die Reflectoquant, van Merck, meet die kleurintensiteit van 'n reagens strokie met terugkaatsende fotometrie (Anoniem, 1996) en was gebruik om die petiool NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie te meet. Plastiekstrookies met 'n reagens aan die een punt word in die plantsap oplossing gedoop, 'n sekere reaksietyd word toegelaat en 'n lesing word verkry deur die kleurintensiteit met die Reflectoquant te meet (Anoniem, 1996). Die lesing wat verkry word, word dan op 'n grafiek geplot, wat bekend staan

as die Optimale  $\text{NO}_3^-$ - konsentrasie reeks (OPTI-reeks), wat in Figuur 1.1 getoon word (Dow & Roberts, 1982).

Dow & Roberts (1982) beveel aan dat 'n OPTI-reeks gebruik word om stikstof bo-bemesting te skeduleer. Die 100% opbrengs en 95% opbrengs van elke herhaling in 'n kalibrasie proef word bepaal, en die  $\text{NO}_3^-$ - konsentrasie van die onderskeie punte word gebruik, vir die optimale reeks wat in Figuur 1.1 getoon word. Die boonste limiet is bepaal deur die 100% opbrengs en die onderste limiet deur die 95% opbrengs. Die stikstofpeilbehandeling was nie van belang nie, die opbrengs bepaal watter  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies gebruik word. Bokant die boonste limiet, was stikstofbemesting nie aanbeveel nie. Sodra die petiool  $\text{NO}_3^-$  konsentrasie tussen die 100% en 95% lyne ontleed, was normale stikstof bo-bemesting aanbeveel. Indien die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie onderkant die onderste limiet daal, moet meer addisionele stikstof toegedien word. Roberts & Cheng (1988) het hierdie beginsel prakties getoets en hulle bevinding was dat die OPTI-reeks 'n baie goeie maatstaf was om die stikstofbemesting van aartappels te bestuur. 'n Optimale reeks is heelwat beter as die enkel kritiese waardes, aangesien die herhaalbaarheid van enkele waardes in die praktyk moeilik is.

Omnia se kalibrasieproewe is gebruik om 'n OPTI-reeks te bepaal. Die 95% opbrengs se  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lyn word as die O95 aangedui en die 100% opbrengs se  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lyn as O100, soos aangetoon getoon in Figuur 1.1.



**FIGUUR 1.1:** Opimale  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasiereeks (OPTI-reeks) wat bepaal is deur die Omnia kalibrasieproewe vir die kultivar Up-to-date. Sien teks vir beskrywing van die O100 en O95.

## Hoofstuk 2: Materiaal en Metodes

### 2.1 Kalibrasie proewe

Die doelwit van die kalibrasie proewe was om die Optimale  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie reeks (OPTI-reeks) op te stel vir Suid Afrikaanse toestande en kultivars. Die proewe is van 1997 tot 1999 gedoen en drie kultivars is gebruik nl.: Up-to-date, BP1 en Hertha. Die eerste twee was ingeskryf a.g.v hul populariteit vir tafelaartappels en Hertha is in samewerking met Simba as 'n verwerkingsaartappel gekies. Vier stikstofpeile was gebruik, nl. 0, 100, 200 en  $300 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof. Die volgende data is ingesamel en statistiese verwerkings is gedoen:

- 1) Opbrengs per N-peil
- 2) Opbrengs per Kultivar
- 3) Opbrengs oor jare
- 4) Petiool  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie per kultivar
- 5) Petiool  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie oor tyd
- 6) Optimale  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie reeks vir gegewe kultivars
- 7) SG en Hunter L Kleur van die aartappelskyfies

Uit die data is die OPTI-reeks opgestel en 'n voorbeeld van die OPTI-reeks vir Up-to-date word in Figuur 1.1 aangetoon. Genoegsame inligting is uit die kalibrasie proewe verkry om die OPTI-reeks op te stel.

## **2.2 Praktiese evaluasie**

Die OPTI-reeks, wat in die kalibrasie proewe bepaal is, is daarna in die praktyk getoets. Om die praktiese evaluasie te ondersteun, is die persele as deel van medewerkers se kommersiële aanplantings hanteer. In Bronkhorstspruit was die proef onder 'n handskuifbesproeiingstelsel uitgelê, en by Delmas onder 'n spilpuntstelsel. Bronkhorstspruit se enkel brutop perseel grootte was 108 m<sup>2</sup> (20m lank by drie beddings wyd, wat 1.8m gespasiëer was). By Delmas was die enkel bruto perseel grootte 80 m<sup>2</sup> (20m lank by vier rye wyd, wat 1m uitmekaar gespasiëer was). Up-to-date was as kultivar gebruik.

Die stikstofbehandelings was soos volg:

- 1) 100% van aanbevole N (100%);
- 2) 80% van aanbevole N (80%);
- 3) 60% van aanbevole N (60%).

In die res van die verhandeling sal die afkortings gebruik word soos in hakies aangetoon. Vir die proef was 'n totaal van  $250 \text{ kg ha}^{-1}$  beplan vir 'n opbrengsmikpunt van  $60 \text{ t ha}^{-1}$  volgens Venter (2002). Die rede vir die behandelings was om vas te stel of die OPTI-reeks vir stikstof skedulering op aartappels gebruik kan word. Addisionele stikstof toedienings was gedoen na aanleiding van petioolsapontledings.  $\text{NO}_3^-$  konsentrasie oor tyd was bepaal met behulp van 'n Reflectoquant. Die vierde blaar onder die groeipunt is gebruik, soos voorgestel deur Rowe (1993). Die blaarskyf was van die petiool verwyder, en net die petiool was ontleed. Die monstergrootte was 20 petiole per behandeling (Westcott, Rosen & Inskeep, 1993). Die lesings het twee weke na opkoms begin, en was twee weekliks gedoen tot op tien weke na opkoms. Hierdie was volgens literatuur die kritiese tyd om N-bemesting te bestuur (Westermann & Kleinkopf, 1985; Millard & Marshall, 1986; Porter & Sisson, 1993).

Elke perseel was twee-weekliks gemonster en die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie is daarna bepaal. Addisionele stikstoftoediening was bepaal deur die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie op die OPTI-grafiek te plot. Elke afsonderlike perseel se ontleding was gebruik en nie die gemiddelde ontleding van elke behandeling nie. KAN (28) is gebruik as N-bron. Volgens Tabel 3.1 was daar van die 60% persele wat alreeds met die eerste ontleding (R1)

stikstof bo-bemesting ontvang het. Die waardes wat in rooi aangedui word in Tabel 3.1, was die waardes wat laer as die OPTI-reeks ontleed het. Die waardes was heelwat laer as die O95 lyn en daar is besluit om 'n hoë stikstofpeil ( $40 \text{ kg ha}^{-1}$ ) toe te dien. Met die volgende toedienings was  $20 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof toegedien, sodat nie onnodige vegetatiewe groei gestimuleer was nie. Met die vierde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesing (R4) was daar baie van die persele wat se  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie baie laer as die O95 lyn ontleed het. Hier is besluit dat die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie ontledings wat tussen die O95 en O100 lyne ontleed het,  $20 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof moes ontvang en die onder die O95 lyn  $40 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof.

Roetine- en stikstof-grondontledings van elke herhaling is gedoen vir beide die bogrond sowel as die ondergrond. Die grondontledings word in Tabel 2.1 en 2.2 getoon. Hierin word grondtekstuur as bruto digtheid aangetoon. Indien bruto digtheid na kleipersentasie omgerekend word, het die Bronkhorstspruit-perseel 'n gemiddelde kleipersentasie van 19% klei in die bo - en ondergrond gehad. By die Delmas-perseel het die bogrond 22% klei gehad en die ondergrond 24% klei. Die omrekening van die persentasie klei is gedoen met behulp van 'n bruto digtheid omrekenings tabel wat op die Omnia Elektroniese Agromieprogram is. Om 'n stikstofgrondontleding sinvol te maak, is die monsters tot op 'n diepte van 90 cm geneem om as aanduiding te dien vir moontlike stikstof

aanbeveling (Adeli, Sistani, Rowe & Tewolde, 2005). Vorige gewas-  
inligting was ingesamel, om moontlike N-oordraging te verduidelik, veral  
as die vorige gewas op die betrokke perseel 'n peulplant was. Mielies  
was die vorige gewas by Bronkhorstspruit en droëbone in Delmas.  
Grondmonsters was geneem nadat die plantermengsel toegedien was,  
tussen die rye of beddings.



TABEL 2.1: Grondontledings van elke herhaling van die Bronkhorstspruit-perseel.

Herhaling	Bruto digtheid (kg m <sup>-3</sup> )	pH	P (dpm)	K (dpm)	Ca (dpm)	Mg (dpm)	Na (dpm)	Ca/Mg	(Ca+Mg) /K	KUK bereken (cmol <sub>c</sub> kg <sup>-1</sup> )	NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -N (kg ha <sup>-1</sup> )	NH <sub>4</sub> <sup>+</sup> -N (kg ha <sup>-1</sup> )
1 (bo-grond)	1.33	5.7	22	88	301	102	10	1.8	10.4	2.61	64	32
2 (bo-grond)	1.325	6	19	67	324	118	6	1.67	15.1	2.78	48	42
3 (bo-grond)	1.335	5.6	16	85	315	107	8	1.8	11.28	2.7	45	37
4 (bo-grond)	1.37	6.4	12	76	431	146	6	1.8	17.24	3.57	41	33
5 (bo-grond)	1.32	5.8	15	87	343	96	5	2.18	11.24	2.75	63	34
6 (bo-grond)	1.275	5.8	11	71	343	118	4	1.77	14.77	2.88	43	36
7 (bo-grond)	1.315	5.9	18	109	360	108	6	2.03	9.63	2.99	63	37
8 (bo-grond)	1.31	6	14	98	331	99	9	2.04	9.84	2.76	50	37
9 (bo-grond)	1.365	6	15	83	353	104	4	2.07	12.33	2.85	55	52
10 (bo-grond)	1.37	6.2	15	74	412	127	12	1.98	16.38	3.34	60	52
11 (bo-grond)	1.39	5.9	19	70	311	105	6	1.81	13.49	2.62	64	47
<b>Gemiddeld (bo-grond)</b>	<b>1.337</b>	<b>5.9</b>	<b>16</b>	<b>83</b>	<b>348</b>	<b>112</b>	<b>7</b>	<b>1.9</b>	<b>12.9</b>	<b>2.9</b>	<b>54</b>	<b>40</b>
1 (onder-grond)	1.33	5.6	15	94	280	92	4	1.86	8.96	2.41	224	84
2 (onder-grond)	1.31	5.6	13	62	276	88	4	1.91	13.25	2.28	138	101
3 (onder-grond)	1.27	5.4	4	78	283	96	26	1.8	11.04	2.51	53	107
4 (onder-grond)	1.335	5.6	11	119	274	97	4	1.72	7.11	2.49	182	75
5 (onder-grond)	1.37	5.5	8	71	254	97	4	1.6	11.37	2.26	153	96
6 (onder-grond)	1.355	5.6	10	59	244	90	5	1.65	12.97	2.13	85	76
7 (onder-grond)	1.36	5.8	10	114	324	85	3	2.33	7.95	2.62	133	76
8 (onder-grond)	1.345	5.8	4	114	271	82	3	2.02	6.95	2.33	75	94
9 (onder-grond)	1.31	5.9	5	72	320	90	5	2.17	12.7	2.54	92	110
10 (onder-grond)	1.31	6.1	6	74	344	99	4	2.12	13.38	2.74	37	92
11 (onder-grond)	1.39	5.2	3	50	217	65	3	2.04	12.65	1.76	39	97
<b>Gemiddeld (onder-grond)</b>	<b>1.335</b>	<b>5.6</b>	<b>8</b>	<b>82</b>	<b>281</b>	<b>89</b>	<b>6</b>	<b>1.9</b>	<b>10.8</b>	<b>2.4</b>	<b>110</b>	<b>92</b>

TABEL 2.2: Grondontledings van elke herhaling van die Delmas-perseel.

Herhaling	Bruto digtheid (kg m <sup>-3</sup> )	pH	P (dpm)	K (dpm)	Ca (dpm)	Mg (dpm)	Na (dpm)	Ca/Mg	(Ca+Mg) /K	KUK bereken (cmol <sub>c</sub> kg <sup>-1</sup> )	NO <sub>3</sub> <sup>-</sup> -N (kg ha <sup>-1</sup> )	NH <sub>4</sub> <sup>+</sup> -N (kg ha <sup>-1</sup> )
1 (bo-grond)	1.295	5.4	28	92	478	137	14	2.13	14.93	3.81	23	34
2 (bo-grond)	1.29	5.2	28	92	426	129	7	2.01	13.55	3.45	21	34
3 (bo-grond)	1.325	5	36	93	427	115	7	2.26	12.94	3.35	21	32
4 (bo-grond)	1.265	4.9	31	83	413	107	7	2.35	13.86	3.18	20	33
5 (bo-grond)	1.32	4.9	35	98	429	104	6	2.52	11.96	3.27	21	53
6 (bo-grond)	1.34	4.8	36	103	496	101	6	3	12.56	3.6	24	51
7 (bo-grond)	1.29	4.8	31	111	483	109	6	2.7	11.65	3.62	26	46
8 (bo-grond)	1.295	4.9	36	111	437	108	9	2.47	10.82	3.39	28	36
9 (bo-grond)	1.31	4.6	42	119	409	95	14	2.63	9.28	3.19	34	58
10 (bo-grond)	1.265	4.9	25	120	428	122	7	2.14	10.23	3.48	28	35
11 (bo-grond)	1.255	5.3	34	93	538	151	9	2.17	16.51	4.2	35	30
12 (bo-grond)	1.24	5.1	38	132	638	135	26	2.88	12.73	4.75	37	30
<b>Gemiddeld (bo-grond)</b>	<b>1.291</b>	<b>5.0</b>	<b>33</b>	<b>104</b>	<b>467</b>	<b>118</b>	<b>10</b>	<b>2.4</b>	<b>12.6</b>	<b>3.61</b>	<b>27</b>	<b>39</b>
1 (onder-grond)	1.275	5.4	9	80	382	146	13	1.6	15.18	3.37	36	125
2 (onder-grond)	1.265	5.2	13	104	359	129	19	1.7	10.72	3.2	44	151
3 (onder-grond)	1.24	5	8	77	329	119	11	1.69	13.31	2.87	17	156
4 (onder-grond)	1.26	5.1	8	65	339	114	8	1.81	15.82	2.83	26	123
5 (onder-grond)	1.26	5	7	138	262	97	10	1.65	5.96	2.5	35	115
6 (onder-grond)	1.28	4.9	10	86	337	114	9	1.8	11.91	2.88	63	188
7 (onder-grond)	1.285	5.2	6	83	350	124	8	1.72	13.03	3.01	27	153
8 (onder-grond)	1.26	5	13	112	345	116	23	1.81	9.34	3.06	79	106
9 (onder-grond)	1.28	4.8	11	106	300	100	8	1.83	8.56	2.63	90	143
10 (onder-grond)	1.295	5	11	122	358	126	9	1.73	9.05	3.17	73	145
11 (onder-grond)	1.245	5.3	12	70	418	135	18	1.89	17.86	3.45	61	131
12 (onder-grond)	1.26	5.2	6	75	355	137	10	1.58	15.11	3.13	44	141
<b>Gemiddeld (onder-grond)</b>	<b>1.267</b>	<b>5.1</b>	<b>10</b>	<b>93</b>	<b>344</b>	<b>121</b>	<b>12</b>	<b>2</b>	<b>11.9</b>	<b>3.01</b>	<b>50</b>	<b>140</b>

Besproeiingskedulering is gemonitor. McDole & McMaster (1978) en Stark, McCann, Westermann, Izdi & Tindall (1993) het bewys dat petiool en knol  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie goed korreleer met vogstremming. Goeie voghuishouding was noodsaaklik, sodat die  $\text{NO}_3^-$ -lesings nie skeef getrek word nie.

Die middelste bedding of twee rye was meganies uitgehaal en vir opbrengsbepalings gebruik. Die middelste 10 m van die bedding of rye was in die verskillende grootte klasse opgetel en dan geweeg. Uit hierdie data was die totale opbrengs en grootteverspreiding van die oes bepaal. 'n Monster van twintig medium grootte knolle per perseel is getrek en na LNR Roodeplaat gestuur, waar knolkwaliteitontledings gedoen is. Soortlike gewig (SG) en bakkwaliteit is geëvalueer. SG's was met die massa in lug/massa in water metode bepaal (Dean, 1994). 'n Aanvaarde norm vir verwerkings aartappels was 'n waarde hoër as 1.080. Om bakkwaliteit te evalueer is aartappelsskyfies gebraai en die Hunter L kleur was bepaal. Hoër waardes dui op 'n ligter skyfiekleur. 'n Waarde rondom 50 en hoër is aanvaarbaar vir die verwerkingsbedryf (Dean, 1994).

Om vas te stel of die  $40 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof hoegenaamd enige nadelige effekte op die aartappel knolgroei gehad het, is die sekondêre vergroeiings op die aartappelknolle geëvalueer. Indien daar wel ooglopende sekondêre

vergroeiings was, is dit aangedui met 'n 1 en indien nie, met 'n 2. Hoe nader die gemiddelde waarde aan 1 was, hoe meer sekondêre vergroeiings het voorgekom.

Statistiese verwerkings is gedoen met die program NCSS 2001. Alle statistiese verwerkings word in Aanhangsel A getoon. Waar statistiese verskille voorgekom het, is 'n Tukey-Kramer toets gedoen om die verskille tussen behandelings uit te wys.

## Hoofstuk 3: Resultate en Bespreking

Die resultate van die twee persele word afsonderlik in hierdie hoofstuk bespreek. Die Bronkhorstspruit-perseel kom eerstens aan die beurt en daarna die Delmas-perseel

### 3.1 Bronkhorstspruit-perseel

#### 3.1.1 Eerste $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesing (R1)

Die ontleding oor behandelings het statisties verskil ( $p = 0.000004$ ). Die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies van die verskillende behandelings word in Tabel 3.1 getoon. Die gemiddelde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie vir al die behandelings was  $3248 \text{ mg L}^{-1}$ . Die 60% behandeling het statisties verskil van die 80% en 100% behandelings. Die 80% en 100% behandelings het nie volgens Tukey-Kramer van mekaar verskil nie. Die 60% behandeling het baie laer as die ander behandelings ontleed. Die gemiddelde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie was  $1755 \text{ mg L}^{-1}$  teenoor  $3519$  en  $4471 \text{ mg L}^{-1}$  vir 80% en 100% onderskeidelik. Sommige van die 60% behandelings het hier, volgens die OPTI-reeks, stikstoftoedienings ontvang omdat  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies laer as die kritiese O100 waarde vir die betrokke groeistadium was. Die OPTI-reeks waarna hier verwys word, word in Figuur

1.1 getoon en is afkomstig van die kalibrasieproewe wat vantevore deur Omnia gedoen was.

Soortgelyke hoë  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesings vroeg in die seisoen is deur Millard & Catt (1988) gevind. Hulle het aangevoer dat die aartappelplant 'n vermoë het om stikstof te stoor en dat behandelings wat hoë aanvanklike stikstofbemestings ontvang het, hoër  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie ontledings toon.

**TABEL 3.1:** NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies (mg L<sup>-1</sup>) in aartappelpetiole oor tyd (R1 tot R5) van elke behandeling vir die Bronkhorstspuit lokaliteit. Die verskillende Optimale NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie (OPTI-reeks) word onder aan die tabel getoon.

Behandeling	Herhaling	R1	N1	R2	N2	R3	N3	R4	N4	R5	Totale N
100%	1	3341	0	3484	0	2756	0	1184	0	624	250
	2	3561	0	3125	0	2600	0	688	20	704	270
	3	3323	0	1560	0	2418	0	560	20	976	270
	4	3576	0	1300	0	1742	0	1040	0	656	250
	5	5274	0	1144	20	2678	0	1326	0	427	250
	6	4691	0	1092	20	3016	0	1056	0	203	250
	7	4912	0	3094	0	1508	0	569	20	1008	270
	8	4662	0	3198	0	1794	0	1024	0	95	250
	9	6034	0	2964	0	1794	0	1312	0	350	250
	10	5341	0	3042	0	1560	0	612	20	704	270
	11	4461	0	2028	0	1300	0	1024	0	256	250
<b>100% Gemiddeld</b>		<b>4471</b>	<b>0</b>	<b>2366</b>	<b>4</b>	<b>2106</b>	<b>0</b>	<b>945</b>	<b>7</b>	<b>546</b>	<b>257</b>
80%	1	2558	0	3068	0	1742	0	480	40	608	240
	2	3498	0	2288	0	1534	0	320	40	320	240
	3	3678	0	702	20	2678	0	912	0	208	220
	4	3289	0	1274	0	1612	0	256	40	272	240
	5	1673	40	1352	0	1716	0	1092	0	288	240
	6	3657	0	728	20	2652	0	784	20	400	240
	7	3889	0	2106	0	728	20	173	40	221	260
	8	4277	0	2600	0	910	0	359	40	159	240
	9	4509	0	1898	0	1196	0	288	40	1088	240
	10	2560	0	1846	0	858	20	512	20	416	240
	11	5119	0	3328	0	884	20	109	40	557	260
<b>80% Gemiddeld</b>		<b>3519</b>	<b>4</b>	<b>1926</b>	<b>4</b>	<b>1501</b>	<b>5</b>	<b>480</b>	<b>29</b>	<b>412</b>	<b>242</b>
60%	1	841	40	3120	0	2054	0	256	40	448	230
	2	1289	40	2574	0	1638	0	720	20	384	210
	3	450	40	910	20	2158	0	672	20	176	230
	4	1321	40	858	20	2236	0	1088	0	366	210
	5	1244	40	1326	0	2106	0	364	40	272	230
	6	3567	0	962	20	2912	0	672	20	464	190
	7	2443	0	2548	0	468	20	464	20	318	190
	8	1345	40	1100	20	2782	0	944	0	144	210
	9	1023	40	2366	0	858	20	174	40	432	250
	10	3745	0	1378	0	676	20	207	40	608	210
	11	2034	0	1612	0	806	20	350	40	363	210
<b>60% Gemiddeld</b>		<b>1755</b>	<b>25</b>	<b>1705</b>	<b>7</b>	<b>1699</b>	<b>7</b>	<b>537</b>	<b>25</b>	<b>361</b>	<b>215</b>
<b>Algehele gemiddeld</b>		<b>3248</b>	<b>10</b>	<b>1999</b>	<b>5</b>	<b>1769</b>	<b>4</b>	<b>654</b>	<b>21</b>	<b>440</b>	<b>238</b>
<b>Boonste limiet (O100 waarde)</b>		<b>1267</b>		<b>1024</b>		<b>874</b>		<b>731</b>			
<b>Onderste limiet (O95 waarde)</b>		<b>1193</b>		<b>897</b>		<b>767</b>		<b>481</b>			

Nota: R1-R5 was die eerste tot die vyfde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies-lesing en N1 tot N4 dui op stikstofoedienings in kg ha<sup>-1</sup> stikstof. NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies in rooi toon die NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies wat laer as die OPTI-reeks ontleed het. N1 – N4 dui op die hoeveelheid stikstof toegedein (kg ha<sup>-1</sup>) na aanleiding van die NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies en die OPTI-reeks. Kritiese waardes is afkomstig van Figuur 1.1.

### 3.1.2 Tweede $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing (R2)

Die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesings het oor behandelings statisties verskil ( $p = 0.018171$ ). Die 100% en 60% behandelings het volgens die Tukey-Kramer toets van mekaar verskil. Gemiddelde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-ontleding van al drie die behandelings was  $1999 \text{ mg L}^{-1}$ , soos in Tabel 3.1 aangetoon word. Die 60% behandeling het  $1705 \text{ mg L}^{-1}$ , 80%  $1926 \text{ mg L}^{-1}$  en 100%  $2366 \text{ mg L}^{-1}$   $\text{NO}_3^-$  ontleed. Die 60% behandeling het dus die laagste ontleed en die 100% behandeling die hoogste. Die 80% behandeling het nie volgens die Tukey-Kramer toets van die 100% en 60%, verskil nie. Die OPTI-reeks het aangedui dat sekere van die behandelings stikstof-toedienings moes ontvang en die nodige toedienings was gemaak. Hier het die tendens, soos ook waargeneem deur Vitosh & Silva (1994), van  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie afname oor tyd, by al die behandelings begin wys.

### 3.1.3 Derde $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing (R3)

Die behandelings se  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesings het statisties verskil en hier het die 100% behandeling van die 80% behandeling verskil ( $p = 0.008196$ ). Die 60% behandeling het nie van die 100% of 80% behandeling verskil nie. Die afname in  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie by die 60% behandeling oor tyd (R1 –R3) was gering. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die stikstof bo-bemestings



gedurende R1 en R2, wat nou tot verhoogde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie in die petiole gelei het. Doll, *et al.* (1971) en Roberts, *et al.* (1989) het soortgelyke reaksies gevind. Gemiddelde  $\text{NO}_3^-$  konsentrasie-ontleding van al die behandelings was  $1769 \text{ mg L}^{-1}$  soos in Tabel 3.1 getoon word. Die 80% behandeling het die laagste ontleed, met  $1501 \text{ mg L}^{-1}$  gevolg deur 60% teen  $1699 \text{ mg L}^{-1}$  en 100% het  $2106 \text{ mg L}^{-1}$  ontleed. Die 80% behandelings wat deur die OPTI-reeks as laag uitgewys is, het gevolglik addisionele stikstofbemesting ontvang. Op hierdie groeistadium was daar alreeds knolle geïnisieer en het knolgroei 'n groot komponent van die plant se totale massa uitgemaak. Die aartappelplant het die stikstofreserwes waarskynlik gebruik en dit het by die 100% en 80% behandelings tot laer  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies gelei. Errebhi *et al.* (1998) en Rodrigues (2004) het dieselfde tendens waargeneem.

### **3.1.4 Vierde $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing (R4)**

Statistiese verskille het tussen die behandelings voorgekom ( $p = 0.003943$ ). Die 100% behandeling het statisties verskil van die 80% en 60% behandelings. In Tabel 3.1 kan gesien word dat die 80% behandeling die laagste ontleed het, met  $480 \text{ mg L}^{-1}$  gevolg deur die 60% behandeling, met  $537 \text{ mg L}^{-1}$ . Die 100% behandeling het gemiddeld  $945 \text{ mg L}^{-1}$  ontleed. Die 100% behandeling het op 'n gemiddelde basis,  $450 \text{ mg L}^{-1}$  hoër ontleed as die ander twee behandelings.

In die laaste twee ontledings het die 80% behandeling laer as die 60% behandeling ontleed, wat toegeskryf kan word aan die groter behoefte van die plant om knolgroei te onderhou (Errebhi *et al.*, 1998 en Rodrigues, 2004). Die 80% behandeling se gemiddelde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie was laer as die van die 60% behandeling en het gewys dat die plant al sy stikstofreserwes opgebruik het en met die min stikstoftoedienings wat op die 80% behandeling gemaak was, het die aartappelplant die stikstofreserwes gemobiliseer en gebruik waar die stikstof nodig was. By die 60% behandeling was die stikstofbehoefte met bo-bemestings aangespreek, soos gekwantifiseer met die OPTI-reeks, en was die stikstofbehoefte van die aartappelplant sodoende aangespreek. Doll *et al.* (1971) en Roberts *et al.* (1989) het aangevoer dat deur die petiool  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie te kwantifiseer, met byvoorbeeld 'n OPTI-reeks, kan die aartappelplant se stikstofbehoefte bestuur word, aangesien stikstoftekorte betyds opgespoor kan word.

### 3.1.5 Vyfde $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing (R5)

Geen statistiese verskille het voorgekom nie en die behandelings het as volg ontleed: 60% - 361 mg  $\text{L}^{-1}$ , 80% - 412 mg  $\text{L}^{-1}$  en 100% - 546 mg  $\text{L}^{-1}$ . Gemiddelde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-ontleding oor al drie behandelings was 440 mg  $\text{L}^{-1}$  en word getoon in Tabel 3.1. Die lae ontleding van die 100% behandeling,


dui op mobilisering en die gebruik van stikstofreserwes om knol- en vegetatiewe groei te onderhou (Rodrigues, 2004).

### 3.1.6 NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie oor tyd

Oor tyd neem die NO<sub>3</sub><sup>-</sup> konsentrasie van elke behandeling af, wat ooreenstem met die bevindinge van Errebhi *et al.* (1998). Op 'n gemiddelde basis het die 80% behandeling se NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie hoër begin as die 60% behandeling, tot by die derde ontleding. Met die derde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie ontleding, het die 80% behandeling laer as die 60% behandeling begin ontleed. Die OPTI-reeks, soos reeds vermeld, het gewys dat die 60% behandelings vinniger stikstof bemestings nodig gehad het as die ander behandelings. By die 80% en 100% behandelings was stikstofreserwes in die plant opgebou, wat later vir knol en vegetatiewe groei gebruik was. Die 100% behandeling het 'n baie hoë NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing aan die begin van die seisoen gehad en reserwes is gebruik soos die seisoen verloop het. Die 100% behandeling se NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie het deurgaans baie hoër as die OPTI-reeks ontleed (behalwe R4 – sommige persele). Dit wil dus voorkom asof die plant 'n luukse stikstof bemesting ontvang het en hier moontlik stikstof gespaar kon word.

Die tendens word in Figuur 3.1 aangetoon. Die lyne toon die onderskeie behandelings se gemiddelde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie oor al die herhalings. Dit lyk

asof nie een van die lyne die OPTI-reeks gesny het nie, maar soos in Tabel 3.1 getoon is, was daar wel individuele persele waarvan die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies wel laer as die OPTI reeks ontleed het. Die 60% behandeling se  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lyk baie stabiel en kan toegeskryf word aan die effek van stikstof bo-bemestings. In die gevalle waar stikstof bo-bemesting toegedien is, het die volgende  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing verhoog, soos ook deur Meyer & Marcum (1998) bevind is. Dow & Roberts (1982) se voorstel om stikstof bo-bemesting met die OPTI-reeks te bepaal was tydig en het tot gevolg gehad dat die gemiddelde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing, van die 60% behandeling bo die OPTI-reeks gebly het. Soortgelyk hieraan het Williams & Maier (1990) ook bewys dat die OPTI-reeks 'n handige metode was vir stikstofbemestingskedulering.



**FIGUUR 3.1:** Gemiddelde nitraatkonsentrasie oor tyd vir die Bronkhorstspuit-perseel. Die OPTI-reeks word as die O100 en O95 lyne getoon. Die 100%, 80% en 60% lyne, is die gemiddelde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-waardes (mg L<sup>-1</sup>) per behandeling oor tyd.

### 3.1.7 Totale stikstoftoediening

Totale stikstoftoedienings oor behandelings het betekenisvol verskil en die 60% behandeling het die minste stikstof gebruik, soos in Tabel 3.1 aangetoon word ( $p = 0.000006$ ). By die 60% behandeling was gemiddeld 215 kg ha<sup>-1</sup> N toegedien, gevolg deur die 80% behandeling, met 242 kg ha<sup>-1</sup> N en dan die 100% behandeling, met 257 kg ha<sup>-1</sup> N. Volgens Venter (2002) het aartappels ten minste 250 kg ha<sup>-1</sup> N nodig om 'n opbrengs van 60 t ha<sup>-1</sup> te realiseer. Deur die OPTI-reeks te gebruik om die stikstofbehoefte van die aartappelplant te bepaal, is minder stikstof gebruik, soos ook deur Dow & Robberts (1982) bevind is.


Stikstoftoediening het, waar nodig, van die eerste  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasielesing tot en met die vierde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasielesing plaasvind. Volgens die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasielesings was regstellings per perseel gemaak, volgens die metode soos beskryf in Hoofstuk 2. Byvoorbeeld, as die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie van twee 60% behandelings laag ontleed het volgens die OPTI-reeks norme, het die twee persele bo-bemesting gekry. Die ander nege persele van die 60% behandeling het nie stikstof bo-bemesting gekry nie, want die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasielesing was hoër as die OPTI-reeks. Die eerste stikstof bo-bemestings het meestal net op die 60% behandelings plaasgevind, en die 100% behandeling het baie min bo-bemestings ontvang. Die herhalings in die eerste helfte van die proef het die meeste bo-bemesting ontvang en met die tweede stikstoftoediening was die stikstoftoedienings meestal op die middelste herhalings van die proef. Die tendens kan verklaar word deur die verskille in die grondtekstuur. Die tekstuurgradient het 'n toenemende neiging van herhaling 1 na herhaling 11 getoon. Die meer sanderige persele het in herhaling 1 voorgekom en hier was die eerste stikstoftoedienings nodig.

Met die derde stikstoftoediening het die 60% en 80% behandelings feitlik ewe veel bo-bemesting gekry. Ten tye van die vierde stikstoftoediening het die meeste persele bemesting ontvang. Hier was die stikstofpeil aangepas, sodat die toedieningspeil 'n weerspieëling van die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesing was. Waar

die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesing baie laag was, was  $40 \text{ kg ha}^{-1} \text{ N}$  toegedien en vir die persele wat naby die OPTI-reeks ontleed het, is  $20 \text{ kg ha}^{-1} \text{ N}$  toegedien. Die detail hiervan word in Tabel 3.1 getoon.

### 3.1.8 Stikstofontleding in die grond

Die nitraat-stikstof het hoër as die ammonium-stikstof ontleed, soos aangetoon in Figuur 3.2. Nitraat-N het  $164 \text{ kg ha}^{-1} \text{ N}$  ontleed en die ammonium-N was  $132 \text{ kg ha}^{-1} \text{ N}$ , bereken as 'n gemiddelde oor herhalings. In die praktyk weerspieël die syfer 'n baie hoë beskikbare stikstof reserwe in die grond (Meyer & Marcum, 1998), maar wat in gedagte gehou moet word, is dat die plantermengsel stikstof hierby ingesluit was.




**FIGUUR 3.2:** Gemiddelde stikstofkonsentrasie in die grond ( $\text{kg ha}^{-1} \text{ N}$ ) van die Bronkhorstspruit-perseel. Grondmonsters was geneem nadat die plantermengsel reeds toegedien was

Alhoewel die  $\text{NO}_3^-$  - N komponent 'n wesenlike gedeelte was, was daar op meeste van die 60% behandeling se persele na die eerste  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesing alreeds stikstof bo-bemesting nodig. Wheatly & Ritz (1995) het gewys dat die stikstofdinamika in die grond moeilik gekwantifiseer kan word. Mineralisasie word deur klimaat en grondtipe beïnvloed en grondontleding van stikstof omskryf nie die stikstofdinamika nie. Die 100% behandeling se petiool  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie ontleding was dubbeld die konsentrasie as die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie van die OPTI-reeks en wys dat die aartappelplant die toegediende stikstof, asook die gemineraliseerde stikstof opgeneem het. Roberts *et al.* (1998) het waargeneem dat  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasies in die petiole 'n weerspieëling was van spesifieke stikstofbehandelings. Die hoë  $\text{NO}_3^-$ -N komponent van die grond, was grotendeels as gevolg van toegediende stikstof.

### 3.1.9 Knolopbrengs

Knolopbrengs het nie statisties tussen behandelings verskil nie (Figuur 3.3). Die gemiddelde opbrengs oor behandelings was  $67 \text{ t ha}^{-1}$  en die opbrengs per behandeling was as volg: 60% -  $66 \text{ t ha}^{-1}$ , 80% -  $66 \text{ t ha}^{-1}$  en 100% -  $68 \text{ t ha}^{-1}$ . Die behandelings het ook nie die knolgrootte verspreiding betekenisvol beïnvloed nie.





**FIGUUR 3.3:** Knolopbrengs (t ha<sup>-1</sup>) van die verskillende behandelings. Elke behandeling se totale opbrengs is opgedeel in die verskillende grootte klasse wat voorgekom het.

Die swak resultate op aartappel opbrengs wat Errebhi *et al.* (1998) gehad het deur stikstof bo-bemesting oor die seisoen te versprei, kan verklaar word deur die feit dat stikstof bo-bemestings nie voldoende gekwantifiseer was nie. Hier het Dow en Roberts (1982) genoegsame bewys gelewer dat stikstoftoedienings wel geskeduleer kan word deur die OPTI-reeks te gebruik. Die afleiding kan gemaak word dat die stikstoflewering van die grond aan die aartappelplant, onafhanklik van die grondtekstuur, baie goed weerspieel word in die petiool-ontledings. Die tegnologie bied gevolglik 'n baie goeie stikstofskeuleringsmetode.

### **3.1.10 Sekondêre knolafwykings**

Met die oesproses is sekondêre knolafwykings gemonitor en statistiese betekenisvolheid het nie voorgekom nie. Die onderskeie behandelings het die volgende persentasie persele gehad wat sekondêre vergroeiings getoon het. Die 100% behandeling het 72% van die persele, die 80% behandeling 54% van die persele en met die 60% behandeling was daar 45% van die persele met sekondêre knolafwykings. Dit wil voorkom asof 'n tendens wel voorkom het, soos ook deur Roberts *et al.* (1982) bevind is. Roberts *et al.* (1982) se sekondêre knolafwykings waarneming is korrek, deurdat die aartappelplant se stikstofbehoefte nie reg gekwantiseer was nie. Baie hoë temperature en min reënval in die betrokke seisoen kon aanleiding gegee het tot die relatiewe hoë voorkoms van sekondêre knolafwykings.

### **3.1.11 Soortlike gewig**


Soortlike gewig (SG) het laag ontleed, wat kenmerkend van die seisoen was en word in Figuur 3.4 getoon. Geen behandelings-effek was gemeet nie en 'n gemiddelde SG van 1.076 was gemeet, wat volgens Dean (1994) laag is, gemeet teen verwerkingsstandaarde. Die 80% behandeling het die hoogste SG

gehad, gevolg deur die 60% behandeling en daarna die 100% behandeling. Die effek word getoon in Figuur 3.4. In die 2004/05 seisoen was oor die algemeen lae SG waardes op kommersiële plase in die omgewing aangeteken. Meeste SG waardes was nie hoër as 1.077 nie, wat in lyn was met die waardes wat in die Bronkhorstspruitproef gemeet was (Figuur 3.4). Die spesifieke proses wat SG benadeel, was egter onbekend. Wat wel geargumenteer kan word, is dat die gereelde bewolkte en koel weer wat voorgekom het in die laaste twee weke van die aartappels se groeiseisoen, die lae SG tot gevolg gehad het (Dean 1994).

### **3.1.12 Skyfiekleur**

Soos met SG, het behandeling geen betekenisvolle effek op skyfiekleur (Hunter L kleur) gehad nie en 'n gemiddelde kleurwaarde van 51.2 was gemeet. Die behandelings-effekte word in Figuur 3.4 getoon. Die 100% behandeling het die hoogste waarde gehad en 60% behandeling, die laagste.

Kwaliteit was dus nie benadeel deur die stikstofpeile wat in die proef gebruik was nie. Aan die anderkant het Zhang *et al.* (1996) gevind dat stikstof bemestings aartappelbakkwaliteit benadeel het. Die teendeel is egter in hierdie proef gevind, waarskynlik omdat die stikstofpeile wat gebruik is optimaal vir die produksievlakke was (Venter, 2002).



**FIGUUR 3.4:** Effek van stikstofbehandelings op aartappelverwerkingskwaliteit: Soortelike gewig (SG) en Skyfiekleur (Hunter L kleur).

## 3.2 Delmas-perseel

### 3.2.1 Eerste $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing (R1)

Eerste  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing oor al die behandelings het baie hoog ontleed. Die ontledings word in Tabel 3.2 aangetoon. Tussen behandelings was daar geen statistiese verskille nie, met die 60% behandeling wat die hoogste gemiddelde  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie ontleding gehad het. Die 60% behandeling het  $3945 \text{ mg L}^{-1}$  gemeet. Die 100% behandeling was tweede, met  $3790 \text{ mg L}^{-1}$  en die 80% behandeling, die laagste, met  $3492 \text{ mg L}^{-1}$ . Groot standaardfoutverskille het voorgekom, veral tussen die herhalings, maar geen blokeffek is waargeneem nie. Die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesings was moeilik

verklaarbaar, veral as in gedagte gehou word dat die 60% behandeling die hoogste  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie ontleding gehad het, maar die minste stikstofbemesting tot op datum ontvang het. Hierdie tendens het herhaal in die tweede  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing.

### **3.2.2 Tweede $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesing (R2)**

Geen statistiese verskille het voorgekom nie en die tendens, soos in die vorige lesing, was hier herhaal. Die lesings het baie variasie getoon en die 60% behandeling se  $\text{NO}_3^-$ -konsentraie-lesing was die hoogste van die drie behandelings. Volgens Vos (1999) het hoë kleigronde in sy studie ook baie meer vegetatiewe groei van die aartappelplant gestimuleer. Die 100% en 80% se  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie is moontlik deur 'n groter volume plant verdun as gevolg van die hoër stikstofbemesting. Hier kon dus 'n verdunningseffek van die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie voorgekom het, soos ook deur Rodrigues (2004) bevind is.

**TABEL 3.2:** NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies (mg L<sup>-1</sup>) in aartappelpetiole oor tyd (R1 tot R5) van elke behandeling vir die Delmas lokaliteit. Die verskillende Optimale NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie (OPTI-reeks) word onder aan die tabel getoon.

Behandeling	Herhaling	R1	R2	R3	R4	R5	Totale N
100%	1	4250	1872	3614	2576	2000	250
	2	3515	1872	3198	2736	2781	250
	3	4708	1716	4576	2432	2880	250
	4	2260	3978	3952	2848	3456	250
	5	3891	4706	3562	2192	3344	250
	6	4103	2145	3250	3008	3584	250
	7	3240	1846	2704	2304	3344	250
	8	3981	3600	3562	2624	2976	250
	9	3489	4264	3666	2160	2224	250
	10	4102	1846	3978	2544	2544	250
	11	3245	2184	3354	1310	2995	250
	12	4698	2808	3016	1648	1928	250
<b>100% Gemiddeld</b>		<b>3790</b>	<b>2736</b>	<b>3536</b>	<b>2365</b>	<b>2838</b>	<b>250</b>
80%	1	4591	4342	3094	2560	2912	200
	2	3440	4238	3224	1808	2720	200
	3	3228	1463	4056	1856	2432	200
	4	2234	1694	2964	2336	3232	200
	5	3133	1560	3016	2256	2848	200
	6	3566	1760	2912	1936	3408	200
	7	3842	4238	2314	1892	2544	200
	8	3012	1976	2600	1792	2736	200
	9	2655	5084	3874	2128	2352	200
	10	3834	1661	3614	1456	3200	200
	11	4045	1690	3536	1584	3056	200
	12	4322	1144	3120	1168	2259	200
<b>80% Gemiddeld</b>		<b>3492</b>	<b>2571</b>	<b>3194</b>	<b>1898</b>	<b>2808</b>	<b>200</b>
60%	1	4106	4238	2756	1760	2688	150
	2	3589	4975	2626	2096	2608	150
	3	3021	1508	2678	1296	3232	150
	4	3789	1456	2808	2272	3408	150
	5	4233	4446	2834	2048	3200	150
	6	4177	1924	2756	2080	2688	150
	7	5376	4056	2340	1424	3312	150
	8	3267	3129	1794	1584	2976	150
	9	4587	4212	2860	1600	2032	150
	10	3379	3900	3198	1584	3024	150
	11	3132	4784	2964	896	3232	170
	12	4688	3562	2132	295	2418	170
<b>60% Gemiddeld</b>		<b>3945</b>	<b>3516</b>	<b>2646</b>	<b>1578</b>	<b>2902</b>	<b>153</b>
<b>Algehele gemiddeld</b>		<b>3742</b>	<b>2941</b>	<b>3125</b>	<b>1947</b>	<b>2849</b>	<b>201</b>
<b>Boonste limiet (O100 waarde)</b>		<b>1267</b>	<b>1024</b>	<b>874</b>	<b>731</b>		
<b>Onderste limiet (O95 waarde)</b>		<b>1193</b>	<b>897</b>	<b>767</b>	<b>481</b>		

Nota: R1-R5 was die eerste tot die vyfde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies-lesing en N1 tot N4 dui op stikstoftoedienings in kg ha<sup>-1</sup> stikstof. NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies in rooi toon die NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies wat laer as die OPTI-reeks ontleed het. N1 – N4 dui op die hoeveelheid stikstof toegedein (kg ha<sup>-1</sup>) na aanleiding van die NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasies en die OPTI-reeks. Kritiese waardes is afkomstig van Figuur 1.1.

### 3.2.3 Derde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing (R3)

Statistiese verskille het wel voorgekom en vir die eerste keer het die behandelings se NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing die behandelings se volgorde gevolg soos aangetoon in Tabel 3.2 ( $p = 0.0000002$ ). Die 60% behandeling het die laagste ontleed, gevolg deur die 80% behandeling en die 100% behandeling was die hoogste. Die 60% behandeling het statisties van die 100% en 80% behandelings verskil. Die 80% behandeling het ook statisties van die 100% behandeling verskil. Alhoewel die 60% behandeling die laagste ontleding gehad het, was dit nog nie laag genoeg om stikstoftoedienings te regverdig nie. Die gemiddelde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing was baie hoog (3125 mg L<sup>-1</sup>). Die voorafgaande gewas, sowel as die grondtipe, was hier waarskynlik die oorsaak. Droëbone as voorafgaande gewas op die diep rooi Huttons, met 'n hoë stikstofleweringsvermoë, het waarskynlik 'n groot hoeveelheid van die plant se stikstofbehoefte voorsien. Struik *et al.* (1991) en Vitosh & Silva (1994) het gevind dat die mineralisasie-tempo van die grond en die vorige gewas hierdie tendens ondersteun het. Hulle het ook bevind dat die NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie in die grond, deur die aartappelplant se petiool lesings weerspieël was.

### 3.2.4 Vierde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing (R4)

Behandelings-effekte, soos in die derde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing was hier ook waargeneem. Die gemiddelde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing van die drie behandelings het aansienlik gedaal na 'n gemiddelde waarde van 1947 mg L<sup>-1</sup>. Die daling kan toegeskryf word aan die verdunnings-effek van stikstof in die groeiende aartappelplant (Errebhi *et al.*, 1998 en Rodrigues, 2004). Nie net het die aartappelplant 'n blaredak om te onderhou nie, maar die knolgroei was ook op hierdie stadium 'n groot komponent van die aartappelplant se totale massa. Hier het herhalings 11 en 12 van die 60% behandeling laer as die OPTI-reeks ontleed en was die nodige stikstof bo-bemesting gedoen.

### 3.2.5 Vyfde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing (R5)

Geen statistiese verskille het tussen die behandelings voorgekom nie en die 60% behandeling het hoër ontleed as die ander behandelings. 'n Blok-effek is waargeneem en herhaling 9 en 12 het statisties laer ontleed as die ander herhalings ( $p = 0.002033$ ). Herhalings 9 en 12 was op hierdie stadium ook visueel ligter groen as die ander herhalings.




### 3.2.6 NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie oor tyd

Die eerste vier NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesings het 'n dalende tendens oor tyd getoon, soortgelyk aan dit wat in die literatuur gerapporteer is. Die tendens word in Figuur 3.5 getoon. Dit is ook deur Errebhi *et al.* (1998) bewys en het grotendeels te doen met die verdunningseffek van stikstof in die groeiende aartappelplant. Die uitsondering was op die laaste lesing (R5). Hier het al die behandelings se NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie weer toegeneem. Hierdie toename was egter nie toevallig nie. Voordat die ontledings geneem is, was dit baie warm en droog (ten spyte van besproeiing), en min stikstof is waarskynlik deur die aartappelplante uit die grond uit opgeneem. Die aartappelplant het waarskynlik die stikstofreserwes in die plant gemobiliseer en gebruik, wat tot gevolg gehad het dat die NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie in die petiole afgeneem het. Vanaf week agt het laer temperature en hoë reënval voorgekom en die hoë grondstikstofreserwes het waarskynlik weer vir die plant beskikbaar geraak. Wheatley & Ritz (1995) het gewys dat grond NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-inhoud baie dinamies is en het beweer dat die klimaat en grondtipe die grootste bepaler is by stikstofmineralisasie, beskikbaarheid en opname.

Die 60% behandeling se NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasie-lesing het hoër begin as die ander twee behandelings. Tussen die tweede en derde NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-konsentrasielesings het die 80% en 100% behandeling se lesings toegeneem en het die NO<sub>3</sub><sup>-</sup>-

konsentrasielesing die rangorde van die behandelings begin volg. Net twee persele het bo-bemesting gekry vir die hele seisoen. Die  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie lesings het baie hoër as die OPTI-reeks ontleed en kan die vraag laat ontstaan of die OPTI-reeks wel die aartappelplant se stikstofbehoefte reg kwantifiseer. Die tendens word in Figuur 3.5 getoon het.



**FIGUUR 3.5:** Nitraat konsentrasie oor tyd vir die Delmas-perseel. Die OPTI-reeks was vir die O100 en O95 lyne. Die 100%, 80% en 60% lyne was die gemiddelde waardes per behandeling.

Die Delmas-perseel het 'n baie laer grondstikstofontleding gehad as die Bronkhorstspruit-perseel. Hier was die stikstofleweringsvermoë van die grond en die stikstof vanaf die droëbone, wat die vorige gewas was, nie voldoende gekwantifiseer deur die grondstikstof ontleding nie (Wheatley & Ritz, 1995). Petiool  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesings was 'n beter maatstaf en het getoon dat die grond meer stikstof aan die aartappelplant se behoefte gelever het (Zhang *et*


*al.*, 1996). Dit vergelyk baie goed met wat oor die algemeen in die 2005/2006 seisoen waargeneem was. Die totale aartappelaanplanting van die omgewing was met die OPTI-reeks gemonitor en aanpassings was gemaak waar nodig. Die Delmas aartappel-aanplantings se gemiddelde totale toegediende stikstof het by 'n totaal van  $180 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof uitgekóm. Dit was baie laer as wat verwag word, as in ag geneem word dat ten minste  $250 \text{ kg ha}^{-1}$  stikstof normaalweg toegedien word vir 'n opbrengsmikpunt van  $60 \text{ t ha}^{-1}$  (Venter, 2002). Die opbrengste was baie goed en 'n gemiddeld van  $56 \text{ t ha}^{-1}$  aartappels, vir die boerdery, was aan McCain se verwerkings-aanleg gelewer.

### **3.2.7 Totale stikstoftoediening**

Deur die hele seisoen was net twee persele bo-bemes. Die twee persele se  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesings was tydens week agt krities laag genoeg om addisionele stikstoftoediening te regverdig (Dow & Roberts, 1982). Die gemiddelde stikstofpeil vir die onderskeie behandelings was soos volg: 60% behandeling –  $153 \text{ kg N ha}^{-1}$ , 80% behandeling –  $200 \text{ kg N ha}^{-1}$  en 100% behandeling –  $250 \text{ kg N ha}^{-1}$ .

### 3.2.8 Stikstof-ontleding in die grond

Nitraat-N het laer as die Ammonium-N ontleed. Die Nitraat-N ontleding was  $76 \text{ kg ha}^{-1} \text{ N}$  en die Ammonium-N ontleding was  $182 \text{ kg ha}^{-1} \text{ N}$ . Die stikstof-ontleding was in teenstelling met dit wat by die Bronkhorstspruit-perseel ontleed was. By die Bronkhorstspruit-perseel het die Nitraat-N hoër ontleed as die Ammonium-N. Die grondstikstof-ontledings word grafies voorgestel in Figuur 3.6.



**FIGUUR 3.6:** Gemiddelde stikstofkonsentrasie in die grond ( $\text{kg ha}^{-1} \text{ N}$ ) van die Delmas-perseel. Grondmonsters was geneem nadat die plantermengsel reeds toegedien was.

Hier word aangevoer dat die toegediende stikstof moontlik geïmmobiliseer was deur die mikro-organismes in die grond en oor tyd het die stikstof beskikbaar geraak. Alhoewel die  $\text{NO}_3^-$ -N konsentrasie aanvanklik laag ontleed het, het die aartappelplant genoeg stikstof opgeneem, wat deur die hoë  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie-lesings in die petiole bevestig is. Hierdie perseel is egter bekend vir swak opbrengsreaksie op hoë stikstofpeile. Wheatley en Ritz (1995) het voorgestel dat hoë kleigronde baie stikstof aan die plant kan lewer en dat grond stikstof-ontleding nie die leweringsvermoë aan die plant genoeg kwantifiseer nie.

### 3.2.9 Knolopbrengs

Die perseel was per ongeluk kommersieël geoes voordat die proefpersele geoes kon word. Die gemiddelde opbrengste is drie weke voor loofafsterwe vir demonstrasie doeleindes gemeet en was as volg: 60% behandeling –  $41.6 \text{ t ha}^{-1}$ , 80% behandeling –  $35.3 \text{ t ha}^{-1}$  en 100% behandeling –  $35.9 \text{ t ha}^{-1}$ . Die opbrengste is heelwat laer as wat by die Bronkhorstspruit-perseel verkry is, aangesien die opbrengste drie weke voor normale afsterwing bepaal is. Die medewerker het 'n gemiddeld van  $52 \text{ t ha}^{-1}$  oor die hele land geoes. Dieselfde tendens as wat in die demonstratiewe knolopbrengsbepalings voorgekom het, is al vantevore kommersieël waargeneem. Die spesifieke gronde het 'n hoë stikstofleweringsvermoë en daar moet altyd gewaak word om die plante nie te

veel vegetatief te laat groei ten koste van knolopbrengs nie (Ipenkwe *et al.*, 1974).

## Hoofstuk4: Opsomming en Gevolgtrekking

### 4.1 Opsomming

In hierdie ondersoek word verslag gedoen oor die aartappelproewe wat gedurende die 2001/02 seisoen uitgevoer is. Twee persele is gebruik nl. 'n perseel by Bronkhorstspruit en 'n perseel by Delmas. Drie verskillende stikstof praktyke is toegepas en die bo-bemesting van stikstof is met die OPTI-reeks geskeduleer.  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie van die aartappelpetiool is gemoniteer op 'n gereelde basis. 'n Afname in  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie in die petioolsap oor die verloop van die seisoen was duidelik.  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie neem af oor tyd, as gevolg van die verdunnings-effek in die plant.  $\text{NO}_3^-$ -konsentrasie was maklik in die petiool gemeet.

